Ps. 121: 1, 3.
Ges. 78: 1, 4
" 53: 3.

# Leer Ons Bid!

Luk. 11: 1-4

1 Aand. 28.1.62

(Chv

Luk. 11: 1 – En toe Hy op 'n sekere plek besig was om te bid, sê een van sy dissipels vir Hom nadat Hy opgehou het: Here, leer ons bid...

„Is dit nodig om te bid? Is dit die moeite werd om te bid?" Die vraag is vir die Xten van lewensbelang want oral, in die Bybel, in die lewe van gelowiges deur d. eeue, in die geskiedenis v.d. K/dom speel gebed 'n geweldige rol, kom ons keer op keer te staan voor die eis, die dringende versoek: Bid! Dan moet ons weet: <u>Is dit nodig?</u>

Ons kan die vraag eers behandel as ons vooraf vra en lig kry oor die vraag: <u>Wat is gebed?</u> Wat beteken dit om te bid? Wat bring gebed?

Miskien sal sommige dadelik sê: „Maar dis 'n oorbodige vraag: <u>ons weet mos wat gebed is!</u> Ons is van kindsbeen geleer, ons ouers, ons predikante, ander mense hoor bid! Dis tog duidelik."

Antwoord: Nie so haastig asb. – laat ons eers weer die vraag rustig oordink en bespreek. Dit kan ons miskien bring tot ontdekking dat wat ons tot dusver as gebed beskou het iets gans anders is – miskien ~~nog~~ niks meer as 'n gesprek met onsself.

## I, <u>Wat beteken dit om te bid?</u>

Sonder dat die dissipels hd. vraag so direk stel gee Xtus daarop 'n antwoord in die klassieke gebed van alle eeue: die Onse Vader. In daardie gebed kan Xtus ons leer dat in alle ware gebed die volgende elemente moet wees:

(1) Gebed is Aanroeping: Dis die gesprek van die mens met sy Maker, die kind met sy Vader: Dis 'n daad van sielsgemeenskap wanneer die mens sy siel en gees in verbinding stel m.d. Gees v.d. lewende God. As hy roep: Onse Vader!

(2) Gebed is Aanbidding: Dis die daad van diepe hulde, kinderlike neerbuiging, erkenning van ons onderworpenheid aan God se raad & plan met d. wêreld. Daar eers: U - U - U = 3 maal daarna ons: ons - ons - ons = 3 maal. U Naam U ryk - U wil - alles sentraliseer om God!

(3) Gebed is Smeking: „Gee ons ons daagl. brood" die erkenning van ons afhanklikhd, ons magteloosheid

(4) Gebed is Boetedoening: „Vergewe ons . . ." Die diepste las & d. nood v.d. mens - dié van innige skuld

(5) Gebed is Bevryding: „Verlos ons . . ."

(6) Gebed is Lofprysing: „Want aan U . . ."

II Is dit nodig om te Bid?

'n Vraag van lewensbelang: Kan 'n mens dan nie klaarkom sonder gebed nie? Baie doen dit en dit lyk nie of hulle slegter af is nie!

So hoor ons o.a.:

(1) God beskik in elk geval oor alles: hoe kan my gebed dan sy ewige Raadsplan verander?

(2) Die heelal is so groot & wyds: - wat sal God Hom dan besig hou met my kleinlike nood & sorge? Aandag & tyd vir my sakies?

(3) Alles werk volgens vaste natuur- & sedewette. Nie vermetel om te dink God sal dit verander terwille van my? (Bv. siekte, ens).

(4) Moderne wetenskap & tegniek maak gebed onnodig: word langs ander weë in ons behoeftes voorsien

Wat ons antwoord? Xtus se antwoord: dis al wat tel - ons sal ons hoeglaam redeneer, al in 'n sirkel! Xtus sê: Dis nodig - om baie redes o.a.:

(1) Gemeenskap tussen skepsel & Skepper

(2) Behoefte aanbidding: te weet dat God God is en ek - mens!

(3) Bevryding van spanninge & sorge, kwellinge & twyfel.

(4) Verlossing van geweetenslas & innerlike skuld

(5) ~~Verkryging~~ van inn. krag & kalmte

- 'n Biddelose persoon is soos 'n stuurlose skip!
- Gebed bring nie net berusting nie, maar vernuwing van ligg. Kragte (Jes. 40)
- Gebed is nie net medisyne vir 'n siek gees + siel, dis geestelike vitamine, Kragvoedsel
- In gebed ontkoppel d. mens sy hoogspanning, sy ge-irriteerdheid, sy liggeraaktheid, sy vreesbevangenheid, sy self-ingekeerdheid en bring hy hom v. persoonlikheidsbotsinge (man + vrou, ouer + kind, werkgewer + werknemer). Waar d. mens dit nie doen, daar verloor hy sy balans! Ons sielsiekehuise is vol omdat ons bedehuise leeg is!

III) Is dit Moontlik om te bid?